
PRETORIA, SATERDAG, 28 MEI 1932.

# *POTGIETERSRUST SE NUWE STADSAAL*



Die pas voltooide nuwe Stadsaal van Potgietersrust. Dis gebou volgens die ontwerp en plan van die welbekende argitek, mnr. G. Moerdyk. Die saal het ruimte vir 600 sitplekke en die vloer van daardie saal is spesiaal geskik vir dans: dis op vere geplaas. Daar is ook die gewone geriewe vir toneelopvoerings en verder kan daar praatfilms en gewone rolprente vertoon word. Besondere aandag is bestee aan akoestiek. Die munisipale kantore is geleë rondom 'n oop hof en vorm, met die eenvoudige, vierkantige, maar tog sierlike toring 'n artistieke front.